Lesson 10

**28 November tot 4 Desember*

Opvoeding in die kunste en wetenskappe

Sabbatmiddag

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Rom. 1:18–21, Ps. 19:1–6, 96:9, Gen. 3:6, 1 Tim. 6, Spr. 1, Job 38.

Geheueteks:
"Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" *(Psalm 19:2).*

Opvoeding sluit in wat genoem word "die kunste en wetenskappe." Maar wat beteken dit wanneer ons die kunste en wetenskappe vanuit 'n bybelse perspektief onderrig en leer? Hou ons dalk net 'n paar gekose Bybelverse voor wat verband hou met 'n spesifieke aspek van byvoorbeeld moderne medisyne of kunsgeskiedenis? Deur dit te doen kan ons ons praktiese lesse in verband bring met die wonderlike krag van God se skepping van ons komplekse wêreld. Maar die blote insluiting van Skriftuur in 'n handboek-les is slegs 'n klein deeltjie van ware opvoeding- die opvoeding wat verlossingswerk is en redding bewerkstellig.

Vir hierdie soort opvoeding om werklik te funksioneer, het ons God se Woord nodig om deur te werk na elke dissipline, van die geesteswetenskappe tot molekulêre biologie. Hiersonder kan ons die omvang van God se grootheid, Sy soewereiniteit as Skepper en Onderhouer van ons wêreld, uit die oog verloor. Wanneer ons leer en sien dat God Sy skepping as iets organies en doelgerig beskou, kom ons tot 'n beter begrip van hoe sekere dissiplines kan en behoort onderrig te word. Hierdie week kyk ons na sekere beginsels wat betrokke is by die onderrig van die kunste en wetenskappe vanuit 'n Christelike perspektief en wêreldbeskouing.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 5 Desember.*

Sondag

29 November

Slegs die Here

Bewyse van die lewende God bestaan in Sy hele skepping. Hierdie stelling is al so dikwels herhaal dat dit bykans ‘n cliché geword het. Wanneer ons, byvoorbeeld, nadink oor God se hart toe Hy die wêreld geskep het, ‘n skepping wat voortdurend deur die mens beskadig en ontsier word, verkry ons ‘n beter begrip van die beste wyse waarop die kunste en wetenskappe onderrig kan word. Neem byvoorbeeld die menslike swangerskaptydperk. Die biologie leer ons dat nuwe intelligente lewe voortspruit uit een bevrugte eier en tot volle swangerskap ontwikkel na nege maande. Die kenmerke van ‘n liefdevolle Skepper is gedurende hierdie volle siklus teenwoordig. Die liefdevolle goedheid van God kan gesien word in die plek waar die fetus ontwikkel: reg onder die reëlmatige hartklop van die moeder. Soos die fetus groter word, groei die moeder se buik ook na vore. Die verwagtende moeder is dus gedurigdeur bewus van haar kind, net soos ons Hemelse Vader ook altyd bewus is van Sy kinders.

Lees Romeine 1:18–21, Psalm 19:1–6, en Nehemia 9:6. Wat vertel dit ons van God se werk as ons Skepper?

Selfs na 6000 jaar van sonde en duisende jare na die wêreldwye verwoesting van die sondvloed, bestaan daar oorweldigend kragtige bewyse, nie net van God as ons Skepper nie, maar ook van die mag, liefde, en welwillendheid van hierdie God as ons Skepper. Dit is trouens so kragtig, dat Paulus in Romeine 1:18-21 sê dat diegene wat hierdie God verwerp, “geen verontskuldiging” in die oordeelsdag sal hê nie, aangesien hulle voldoende bewyse gehad het om van Hom te leer en wat Hy gemaak het. Met ander woorde, hulle sal nie in staat wees om onkunde te pleit nie! Hoe noodsaaklik is dit dat Christelike opvoeding in die kunste en wetenskappe altyd vanuit die veronderstelling funksioneer dat God die Skepper en onderhouer van alle lewe is, veral in hierdie dae waar die mens eerder die skepping as die Skepper aanbid? Uiteindelik sal alle ideologieë en veronderstellings wat God ontken of uitsluit, aanleiding gee tot dwaling. Wêreldse opvoeding berus op die aanname van geen God nie; Christelike opvoeding moet nie in dieselfde strik trap nie, en moet ook nie funksioneer vanuit meer subtiele beginsels wat veronderstel dat daar geen God is nie. Hoe dit ookal is, die mens is maar geneig om foute te maak.

Bedink die ongelooflike wonder en skoonheid van ons wêreld, selfs ná sonde. Hoe kan ons leer om hoop en troos daaruit te put, veral in tye van persoonlike beproewings en lyding?

Maandag

30 November

Die skoonheid van heiligheid

Psalm 96:9: "Aanbid die Here in heilige gewaad; beef voor sy aangesig, o ganse aarde." Hoe moet ons hierdie konsep "in heilige gewaad" ("in sy heilige glans"- NLV) verstaan? Wat behoort dit vir 'n Christen te beteken, en hoe behoort dit 'n invloed te hê op wat ons onderrig oor die kunste en die skoonheid wat dikwels daarmee geassosieer word?

Al word daar gesê "skoonheid is in die oog van die waarnemer", moet ons nie vergeet wie dit was wat die oog eerstens geskape het nie *(Spr. 20:12)*. En al moet ons daarteen waaksaam wees om nie die skepping self te aanbid nie (in gister se les bespreek), kan ons inderdaad baie uit die skepping oor God, en veral Sy liefde vir skoonheid, leer. Indien ons gevalle wêreld nog steeds mooi is, wie kan hom indink hoe dit moes lyk voor die sondeval? En dit leer ons dat God inderdaad die Skepper van die mooie is. Die bestudering van die kunste en wetenskappe kan en behoort ons dus nader aan die karakter en hart van God te trek. Aangesien ons self deel is van God se eie kunswerk en wetenskaplike verskynsels, kan ons ook meer leer van ons eie identiteit in Christus.

"God wil hê dat Sy kinders Sy werke moet waardeer en dat hulle hul sal verheug in die eenvoudige skoonheid van hulle aardse tuiste. Hy het skoonheid lief, maar bo alles het Hy 'n mooi karakter lief; Hy wil hê dat ons die reinheid en skoonheid, die stille sieraad van die blomme, sal weergee."—Ellen G. White, *Skrede na Christus*, p. 85.

Lees Genesis 3:6. Wat leer dit ons oor hoe skoonheid op sy eie nie noodwendig goed of heilig is nie? Lees ook Spreuke 6:25, 31:30.

Soos met enigiets wat God gedoen het, het ons 'n vyand wat dit verwring en uitbuit. Dit behoort daarom nie 'n verrassing te wees dat skoonehid en die konsepte van skoonheid ook teen ons gebruik kan word nie. Daarom, gerig deur die Skrif, moet veral die kunste ons help om sorgsaamheid en begrip te leer dat nie alles wat mooi is noodwendig goed of heilig is nie.

Watter "mooi" dinge bestaan wat nie noodwendig heilig of goed is nie? Of, watter mooi dinge kan onheilig of sleg gemaak word, gegewe die omstandighede? Watter maatstaf behoort ons te gebruik om hier 'n korrekte onderskeid te tref?

Dinsdag

1 Desember

Kundiges onder dwaalleer

Ons is heetemal bewus daarvan dat ons wêreld 'n groot aandeel het in die kunste en filosofie wat nie tot God se eer strek nie. Talle mense sal redeneer dat Christene nie eers hierdie spreekwoordelike "tente" moet binnegaan of besoek nie. Sewendedag-Adventiste Christene moet veral waaksaam wees om in sekere industrieë sake te doen, of hulle in sekere instellings te begewe, en verbruikers van sekere media te wees.

In 1 Timoteus 6 word ons 'n duidelike opdrag gegee oor watter strewes ons behoort te vermy, maar ons word ook heelwat verduidelikings gegee. In verse 9 en 10 word ons veral teen sekere ondernemings gewaarsku. Waarteen vermaan Paulus ons?

Lees die res van 1 Timoteus 6 en kyk watter sleutelpunte Paulus hier bekragtig.

Let daarop dat Paulus in 1 Timoteus 6:20 'n waarskuwing rig teen die "valslike sogenaamde kennis". Alhoewel hy vanuit 'n totaal ander konteks praat, bly die beginsel nog steeds van toepassing. Dink dus oor al die inligting, al die onderrig, al die oortuigings, nie slegs van vandag nie, maar dwarsdeur die hele menslike geskiedenis, wat net eenvoudig foutief en verkeerd is. Mense kan beslis foutiewelik kenners wees.

Vir bykans 2000 jaar het die wêreld se slimste mense, die eksperte, geglo dat die aarde onbeweeglik in die middel van die heelal sit, terwyl al die sterre en planete in perfekte sirkels daaromheen wentel. Uiters ingewikkeld en komplekse berekeninge en wetenskappe is aangewend om hierdie mening te ondersteun, alhoewel dit uiteindelik geblyk het om in elke opsig foutief te wees. Daarom kan ons wel sê dat hierdie mense kenners op die gebied van foute was, en dat hierdie leer beslis "valslik sogenaamde kennis" was.

Die biologiese wetenskap vandag, byvoorbeeld, is geskoei op die aanname dat lewe miljoene jare gelede toevallig ontstaan het, sonder dat God teenwoordig was of dat daar enige doel daaragter was. Terselfdertyd het 'n ongelooflike hoeveelheid komplekse en gedetaileerde wetenskaplike literatuur, wat op hierdie geloof gebasseer is, al die lig gesien. Watter lesse kan ons hieruit haal oor die wyse waarop mense foutiewelik kenners kan wees? Hoe behoort hierdie tegeldemaking 'n invloed uit te oefen op Christelike opvoeding in die algemeen, en veral op die onderrig van die wetenskap in besonder?

Woensdag *2 Desember*

Dwaasheid en wysheid

Lees Spreuke 1. Wat leer dit ons aangaande wat ware Christelike opvoeding veronderstel is om te wees?

Die Bybel tref ‘n bestendige vergelyking tussen dwaasheid en wysheid. Die boek van Spreuke slaag goed daarin om ons te waarsku aan die gevare van roekelose gedrag en om jouself in die geselskap van gekke te bevind. Die onderskeiding is duidelik: God verlang dat Sy mense wysheid sal najaag, om dit te koester en daarin te groei. Students in die kunste en wetenskappe maak gebruik van hulle talente om kennis te verwerf en hulle studies met uitnemendheid aan te pak. Onderwysers van hierdie dissiplines doen dit ook. Ons kan instaat wees om artistieke briljantheid te verwerf en wetenskaplike deurbrake te maak danksy ons vermoëns en kennis.

Maar wat beteken kennis van die kunste en wetenskap vanuit ‘n Christelike perspektief indien dit nie ook die onderskeid tussen die kennis oor reg en verkeerd, goed en boos, waarheid en onwaarheid insluit nie? As mens, byvoorbeeld, meer gaan lees oor die lewens van die sogenaamde grootste kunstenaars van die wêreld, sal jy gou sien dat om ‘n wonderlike talent en vaardigheid te hê nie noodwendig ook beteken dat die kunstenaar ‘n goeie morele en nougesette lewe ly nie. Mens kan verder ook redeneer dat dat groot wetenskaplikes wat betrokke is by die vervaardiging van biologiese of chemiese wapens van massavernietiging dalk hoogs opgelei en begaafd is, maar waartoe lei die vrugte van hulle werk? Soos dit vroeër genoem is, is kennis op sigself, en van iets anders, nie noodwendig altyd ‘n goeie ding nie.

Lees Spreuke 1:7. Hoe openbaar hierdie teksvers wat die sleutel tot ware Christelike opvoeding is?

‘n Nobelprys-wenner, ‘n ateïs, wat ‘n studie van die heelal en die natuurkragte daaragter gemaak het, het geskryf: “Hoe meer die heelal verstaanbaar lyk, hoe meer blyk dit ook nutteloos te wees.” Wat behoort dit ons te vertel hoe kennis opsigself, en van ander entiteite, nie net betekenisloos kan wees nie, maar selfs nog erger, ook kan lei tot grootse mistasting?

Die Here het Job geantwoord

Lees Job 38. Wat leer hierdie gedeelte ons oor God, nie net as die Skepper nie, maar ook as die Onderhouer van alle lewe? Hoe behoort hierdie belangrike waarheid 'n invloed te hê oor ons begrip van die kunste en die wetenskappe?

"Baie mense leer dat stof lewenskrag besit - dat stof met sekere eienskappe bedeel word en dan toegelaat word om deur sy eie inwonende krag te werk. Verder beweer hulle dat die natuur volgens sekere vasgestelde wette werk en dat God self daar geen verandering aan kan maak nie. Dit is valse wetenskap en word nie deur die Woord van God gesteun nie. Die natuur staan in diens van sy Skepper (. . .) Die natuur getuig van 'n intelligensie, 'n teenwoordigheid, 'n dryfkrag, wat in en deur sy wette werk. Die Vader en die Seun werk voortdurend in die natuur. Christus sê "My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook" *(Johannes 5: 17)*."—Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, p. 114.

Soos vroeër genoem, funksioneer baie van die wetenskap ongelukkig op ateïstiese en materialistiese voorveronderstellings. Dit sou daarop neerkom dat 'n wetenskaplike na iets van uitsonderlike skoonheid kan kyk, iets van uiterste kompleksiteit, of dalk van albei saam, en nog steeds daarop aanspraak maak dat dit deur toeval ontstaan het, met geen voorafveronderstelling of intensie daaragter nie.

Trouens, dit is die aansprake wat die wetenskappe die meeste van die tyd maak. Die lewe op aarde- van skoenlappers tot die mens- word beskryf as niks anders nie as die resultaat van miljoene jare se chemiese reaksies wat lewe geskep het. En dat die eenvoudigste lewensvorm deur lukrake mutasies en natuurlike seleksie ontwikkel het tot alle lewe wat vandag op die aarde woon en asemhaal.

Soos die wetenskap vandag saamgestel is, betoog dit dat die idee van 'n bonatuurlike Skepper "onwetenskaplik" is, aangesien dit nie op 'n wetenskaplike basis bewys kan word nie, en daarom 'n opvatting is waarmee die wetenskap nie deel nie. Hierdie voorveronderstelling is nie iets wat die wetenskap self leer nie, (trouens, dit blyk die wetenskap leer die teenoorgestelde: alle skoonheid en kompleksiteit van die wêreld wys inderdaad na 'n Skepper), maar dat dit eerder 'n filosofiese standpunt van die dissipline is wat deur die wetenskaplikes op hulleself opgelê is.

Die probleem hier is egter die feit dat die Skrif leer dat God nie net alles geskape het nie, maar dat Hy ook alles onderhou. Dit kom daarop neer dat ware Christelike opvoeding in die wetenskap van 'n radikaal verskillende veronderstelling uitgaan as waarop die wetenskap in die algemeen aanspraak maak. Daar sal onvermydelik teenstrydighede wees, veral waar dit handel oor die oorsprong van dinge.

Vir verdere studie:

Daar bestaan twee redes waarom die wetenskap, wat baie dinge korrek het, die oorsprong van die lewe so verkeerd het: eerstens, wetenskap wat 'n bestudering van die natuurlike wêreld is, moet slegs na die natuurlike (of sigbare) wêreld kyk vir antwoorde; en tweedens veronderstel die wetenskap dat die natuurwette konstant moet bly. En tog is albei hierdie aannames foutief wanneer dit kom by die oorsprong van die lewe. Kom ons kyk na die eerste een, wat vereis dat natuurlike gebeure die gevolg is van natuurlike oorsake. Dit is dalk in orde indien mens 'n orkaan bestudeer, maar dit is geheel en al waardeloos indien die oorsprong van dinge begin met: "In die begin het God die hemel en aarde geskape" *(Gen. 1:1)*. Wat kan die wetenskap, wat die bonatuurlike in die oorsprong van dinge ontken, ons leer oor die ontstaan van lewe wat in elk geval sy oorsprong in die bonatuurlike het?

En wat van die konstantheid van die natuur? Dit blyk sin te maak, behalwe dat Romeine 5:12- "Daarom, soos deur een mens die sonde in die wêreld ingekom het en deur die sonde die dood, en so die dood tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het"- voorveronderstel 'n natuurlike omgewing wat gestaak word, en kwalitatief algeheel verskillend is van wat die wetenskap nou konfronteer. 'n Wêreld waarin daar geen dood bestaan het nie, is radikaal verskillend van enigiets wat ons vandag bestudeer, en om aan te neem dat hulle dieselfde was, terwyl dit nie so is nie, sal ook aanleiding gee tot gruwelike foute.

Vrae vir bespreking:

1. Bespreek in die klas die kwessie rondom skoonheid. Wat is skoonheid? Hoe definieer ons dit? Hoe kan 'n Christen skoonheid dalk verskillend defineer en verstaan as 'n nie-Christen?

2. Christus kon na die aarde gekom het as 'n briljante wetenskaplike, wat oorvloediglik vergoed sou kon word vir sy deurslaggewende navorsing. Hy kon moontlik al die lof ingeoes het as 'n musikale kunstenaar. Hy kom egter om opgelei te word as 'n nederige vakman. Hy was teenwoordig by die skepping, maar Hy is geskool as 'n leek, en vervul Sy pligte in gehoorsaamheid. Watter aanmoediging is dit nie vir ons nie, of ons nou in 'n leersituasie is of in 'n professionele hoedanigheid staan?

3. Alhoewel nie alle Christene daartoe geroep is om in skole te onderrig nie, kan Christene ander deurlopend onderrig in woord en daad, al is dit bewustelik of onbewustelik. Watter gewoontes moet die Christen dus om hierdie redes kweek, beide as 'n student van Christus en 'n onderwyser vir die wêreld?